## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 JUNIE 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts *(Ex-officio)* | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. AJ du Plooy | | : | Voorsitter van MPAC (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. J Erasmus | : | Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste *(waarnemende Direkteur Tegniese Dienste)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. M Mseleni | : | Interne Ouditeur |
| Adv. L Roos | : | Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste *(sluit aan om 12:17)* |
| Mnr. SM Lesch | : | Hoof: IKT *(sluit aan om 12:20)* |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie |
| Me. A Joubert | : | Omgewingsbeplanning en Bestuursbeampte |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Mev. R Gerber | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN023/06/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadsheer De Vries die vergadering open met gebed.

Die Voorsitter deel 'n dagstuk uit John Maxwell se Daaglikse Wysheid vir Leiers.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Omgewingsbeplanning en Bestuursbeampte, Stadsbeplanner (Wes) en aan die nuutaangestelde Interne Ouditeur, mnr. Msizi Mseleni, by sy eerste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering.

***

**BKN024/06/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Moolman - afwesig met verskoning
Direkteur: Tegniese Dienste - vakansieverlof

***

**BKN025/06/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Munisipale Bestuurder en Direkteur Gemeenskapsdienste verklaar hul persoonlike belang by **BKN079** en **BKN080**. Voorts meld die Munisipale Bestuurder dat die lede van die "Municipal Planning Tribunal" teenwoordig, naamlik die Voorsitter, Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste en Direkteur Gemeenskapsdienste die vergadering sal verlaat by item **BKN041**.

Die Direkteur Finansiële Dienste verklaar sy persoonlike belang by **BKN080**.

***

**BKN026/06/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP VRYDAG 31 MEI 2024**
**3/3/2/2**
***(Die Notule word ter tafel gele soos elektronies apart versprei)***

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Vrydag 31 Mei 2024, bekragtig word, onderhewig aan die onderstaande wysiging:

**BKN032/05/2024**
**TOEKEN VAN ERF: VLOTMAN GESIN, VELDDRIF**
**17/15/1**

**BESLUIT**

*1. Dat die Toekenningsbeleid na die Gemeenskapsdienste Komiteevergadering, Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad verwys word vir hersiening van die beleid;*

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

2. *Dat 'n aanbeveling gemaak word om goedkeuring te verkry van die Raad ten einde voorsiening te maak om 'n erf van Bergrivier Munisipaliteit toe te ken aan die Vlotman gesin, op 'n meriete geval; en*

3. Dat die toepassing van die Toekenningsbeleid rakende die onwettige bewoners in geheel konsekwent aangespreek moet word en nie op uitsonderlike gevalle nie.

***

**BKN027/06/2024**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP VRYDAG 31 MEI 2024</u>**
**3/3/2/2**
***(Die Implementeringsverslag word ter tafel gele soos elektronies apart versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Op navraag van die Munisipale Bestuurder rakende BKN026/05/2024 oor die 95% vordering meld die Direkteur Finansiële Dienste dat die in-diepte gesprek gaan plaasvind by die volgende Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 15 Julie 2024, met spesifieke verwysing na die waterverskaffing aan privaat eiendom op Morawiese dorpe en Bergrivier Munisipale plase.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Vrydag 31 Mei 2024.

***

**BKN028/06/2024**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN029/06/2024**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN030/06/2024**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededeling:</u>

- Dat die bejaardes se "Golden Games" op Woensdag 26 Junie 2024 plaasvind.

<u>Die Uitvoerende Onderburgemeester doen die volgende mededeling:</u>

- Hy vra ook voorbidding vir die Interne Ouditeur se seun wat gehospitaliseer is en wens die Interne Ouditeur en sy gesin sterkte toe in die tyd.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die Assistent: Interne Ouditeur, me. W Nero, se laaste werksdag op Vrydag 28 Junie 2024 sal wees en bedank die Munisipale Bestuurder haar vir haar goeie diens gelewer aan Bergrivier Munisipaliteit en die publiek. Voorts wens sy haar sterkte en voorspoed toe met haar toekomsplanne.

***

**BKN031/06/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN032/06/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN033/06/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP**
**9/1/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste gee kortliks terugvoer rakende Kapitaalspandering.

Die Voorsitter versoek dat die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur die nuutste syfers van die Kapitaalspandering aan hom en die Speaker voorsien.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN034/06/2024**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: REVIEW OF ANTI- FRAUD AND CORRUPTION POLICY, RISK MANAGEMENT POLICIES AND PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE CHARTER**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor gave a broad background of the item under discussion.

The Municipal Manager took the meeting through the changes that were made to the policies and charter. The Internal Auditor gave feedback regarding the new Internal Auditor Standards that will be effective from January 2025.

Various inputs and comments are provided by the Committee members.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council approves the Anti-Fraud and Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan), Risk Management policies and Performance, Risk and Audit Committee Charter.

***

***(Die Interne Ouditeur verlaat die vergadering om 09:26)***

**BKN035/06/2024**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: INSTALLERING VAN OPTIESE VESELKABELS BY DWARSKERSBOS STRANDOORD**
**9/1/2**

Die Direkteur Gemeenskapsdienste lei die item breedvoerig in. Addisionele inligting word gelewer deur die Munisipale Bestuurder.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die vergunningsgebruik ("wayleaves") aan Trusc vir die installering van optiese veselkabels by Dwarskersbos Strandoord ondersteun en goedkeur;
2. Dat 'n voorwaarde verbonde aan die goedkeuring moet wees dat die kabels ondergrond geïnstalleer moet word;
3. Dat 'n gesprek by die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 15 Junie 2024, plaasvind om die verantwoordelike afdeling te identifiseer ten einde 'n beleid, riglyn of strategie te ontwikkel wat die hantering van toekomstige aansoeke vir die installering van optiese veselkabels aanspreek, asook wat die voordeel insluit wat dit vir die Bergrivier Munisipaliteit en vir Bergrivier Munisipale gemeenskappe inhou; en
4. Dat die verantwoordelike afdeling die moontlikheid ondersoek om 'n gesprek te fasiliteer met die internet / vesel diensverskaffers in die Bergrivier Munisipale area ten einde hulle aan te moedig om 'n sosiale bydrae aan die gemeenskap te lewer, met die installering van Wi-Fi op sekere punte wat voordelig vir die Bergrivier Munisipale gemeenskap kan wees.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***MUNISIPALE BESTUURDER (15/07/2024)***

***

**BKN036/06/2024**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: APRIL 2024**
**5/1/1**

Die Direkteur Finansiële Dienste gee kortliks terugvoer rakende die navraag oor die uitgawes van die "employee related cost" deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for April 2024.

***

**BKN037/06/2024**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: APRIL 2024**
**5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the April 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**BKN038/06/2024**
**MAANDVERSLAG: INKOMSTEBESTUUR: APRIL 2024**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Die Voorsitter spreek sy kommer uit rakende die ontoeganklike / onleesbare watermeters (wat waterverliese en die "billings" kan affekteer),"smart meters" wat nie outomaties gelees kan word in die stelsel nie en gevolgebestuur wat toegepas moet word om die risiko's aan te spreek. Voorts versoek die Uitvoerende Burgemeester dat 'n in-diepte gesprek gefasiliteer word by die volgende Finansiële Dienste Komiteevergadering om die risiko's van die Inkomste afdeling, met spesifieke verwysing na die watermeters, in diepte te bespreek.

Op navraag van die Voorsitter rakende besluite geneem deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad sonder wysigings, bevestig die Direkteur Korporatiewe Dienste dat uitvoering / implementering van die besluite gegee kan word op versoek van 'n ware uittreksel van die besluit, indien die onderskeie notules nog nie beskikbaar is nie.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van bogenoemde Inkomstebestuur werksaamhede vir die periode 01 tot 30 April 2024; en
2. Dat kennis geneem word dat gedurende April 2024 daar een tydelike aanstelling gemaak is. Die persoon is werksaam met die oorrol van die voorafbetaalde elektrisiteitsmeters (TID Roll Over) en is aangestel tot Augustus 2024.

***

**BKN039/06/2024**
**PROCUREMENT PLAN 2024 / 2025**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en meld dat die "Procurement Plan 2024 / 2025" nie leesbaar is in die agenda nie.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die beplanning, administratiewe prosesse en teikendatums van die kapitaalprojekte.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van "Procurement Plan 2024 / 2025".

***

**BKN040/06/2024**

**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 04 JUNIE 2024**
**5/1/1**

Geen

***

***(Die Voorsitter, Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste en Direkteur Gemeenskapsdienste verlaat die vergadering om 10:51 vir bespreking van die onderstaande item waarna die Uitvoerende Onderburgemeester waarneem as Voorsitter)***

**BKN041/06/2024**
**OBLIGATIONS OF THE APPEAL AUTHORITY IN RELATION TO THE APPEAL AGAINST MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL RESOLUTION NO. PTN006/10/2023: APPLICATION FOR TEMPORARY DEPARTURE: ERF 815, PIKETBERG**
**15/1/7**

Die waarnemende Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council assign the obligations of the appeal authority, in relation to appeal against Bergrivier Municipal Planning Tribunal resolution no. PTN006/10/2023, which relates to the application for temporary departure on Erf 815, Piketberg, to a body consisting of Councillors (preferably three (3) Councillors);
2. That Council approves that the Speaker, Deputy Mayor and Councillor Daniels will be the assigned Councillors to handle the appeal; and
3. That this assigning of obligations will only be applicable to this appeal.

***

***(Die Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste en Direkteur Gemeenskapsdienste sluit by die vergadering aan na bespreking van die bogenoemde item)***

***(‘n Breek word toegestaan vanaf 10:56 - 11:07).***

**BKN042/06/2024**
**VERSOEK VERHURING EN VERVREEMDING VAN MEENTGROND: GEDEELTES VAN RESTANT ERF 1002, PORTERVILLE**
**PTV.1002**
***(Die foto’s en liggingsplanne word visueel voorgelê)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in. Die Stadsbeplanner: Oos gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die item onttrek word vir verdere ondersoeke / bespreking;
2. Dat ‘n interne vergadering gefasiliteer word met die Speaker, Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Wyksraadslede, Direksie en Stadsbeplanners om ‘n volledige bespreking te voer wat alle inligting (foto’s en liggingsplanne) insluit rakende die moontlike behoeftes en gebruik van Erf 1002, Porterville; en

3. Dat 'n eksterne vergadering gefasiliteer word met die Skou-Komitee en afgevaardigdes van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Wyksraadslede, Direksie en Stadsbeplanners ten einde breedvoerige gesprekke te voer rakende die gebruik van Erf 1002, Porterville.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN043/06/2024**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 4534 PIKETBERG</u>**
**PB. 4534**
***(Die foto's en liggingsplanne word visueel voorgelê)***

Die Voorsitter lei die item in.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Dat Direkteur Korporatiewe Dienste meld dat 'n regsopinie aangevra word by 'n diensverskaffer wat spesialiseer in Voorsieningskanaalbestuur rakende voorkeur wat gegun word aan plaaslike mense in die Bergrivier Munisipale area en aan Suid-Afrikaanse burgers.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE EN BESTUURDER: UITGAWES EN VOORSIENINGS-KANAALBESTUUR***

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat Erf 4534, Piketberg nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie;
2. Dat die tender geadverteer word vir 30 dae teen waardasie waarde R 214 000.00 + Adverteringskoste R 15096.00 = R229 096.00 (BTW ingesluit);
3. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;
4. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir die eiendom se aansluiting by Munisipale Ingenieursdienste op eie onkoste tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste (insluitend eksterne elektriese dienste);
5. Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne aan die suksesvolle tenderaar;
6. Die eiendom word slegs bemark vir die doeleindes om 'n winkel/besigheid daarop te ontwikkel ooreenkomstig die sonering van die eiendom;
7. Indien die eiendom nie ontwikkel word binne 'n tydperk van 2 jaar vanaf datum van registrasie in die aktekantoor die eiendom belas sal word asof 'n struktuur daarop gerig is gelykstaande aan die Munisipale waarde van die grond soos uitgewys deur die waardeerder op Bylae D; en
8. Dat voor die tenderproses aanvangs neem insette verkry moet word rondom die bemarking van die eiendom vanaf plaaslike mense (Bergrivier Munisipale area) en Suid-Afrikaanse burgers, buite die 80/20 plaaslike toekenning soos voorgeskryf in die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

***

**BKN044/06/2024**

**VERHURING VAN ONGEREGISTREERDE ERF 4772, PIKETBERG (INGESLUIT KANTOORRUIMTE) 'N GEDEELTE VAN GEREGISTREERDE ERF 1339, PIKETBERG)**
**PB. 4772 & 1339**
***(Die foto's en liggingsplanne word visueel voorgelê)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat ongeregistreerde Erf 4772, Piketberg (ingesluit strukture daarop) nie benodig word vir minimum vlak Munisipale dienslewering;

2. Dat die Raad se intensie om ongeregistreerde Erf 4772, Piketberg (ingesluit strukture daarop) vir 9 jaar en 11 maande aan BADISA beskikbaar te stel teen R 100 waarde, geadverteer word vir 14 dae vir publieke deelname vir kommentaar/beswaar ten einde te bepaal of daar nie ook ander partye is wat belangstel in die gedeelte eiendom en kantoorruimte;

3. Enige beswaar/kommentaar ontvang weer aan die Raad voorgelê word vir oorweging;

4. Indien geen kommentaar/beswaar ontvang word die Munisipale Bestuurder gemagtig is om die huurkontrak te sluit; en

5. Verhuring is verder onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1.5.1 Dat 'n addisionele struktuur vir stoor doeleindes opgerig mag word op die perseel onderhewig aan goedkeuring in terme van die Nasionale Bouregulasie en Boustandaarde Wet, 1977 soos gewysig op onkoste van BADISA;

1.5.2 Na verval van die huurkontrak sal BADISA geregtig wees om addisionele strukture op hul eie onkoste te verwyder;

1.5.3 BADISA nie aanspraak sal kan maak op vergoeding vir enige verbeterings aan die bestaande strukture of tydelike strukture wat op die perseel agter gelaat word nie; en

1.5.4 BADISA self verantwoordelik is vir betaling van Munisipale water-, rioolgebruik, vuilisverwydering, elektrisiteit en instandhouding van die gebou.

***

**BKN045/06/2024**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 162, VELDDRIF**
**7/2/3/2; V.162**
***(Die foto's en liggingsplanne word visueel voorgelê)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA die perseel vir die verskaffing van die minimum vlak van basiese munisipale dienste benodig, maar dat gedeeltes wel vir tuinmaak doeleindes en parkering aangewend kan word sonder om dienslewering te benadeel;

2. Dat die Munisipaliteit se voorneme om Erf 162, Velddrif aan V.J. Prinsloo te verhuur aan die publiek bekend gemaak word; en
3. Dat die huurooreenkoms ten opsigte van Erf 162, Velddrif vanaf 1 Oktober 2024 hernu word, vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande teen R737.03 (BTW ing.) per jaar met 5% jaarlikse eskalasie, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings as wat voorheen van toepassing was.

***

**BKN046/06/2024**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1099, VELDDRIF EN GEDEELTE 68 VAN PLAAS VELDDRIF NO. 110, AFDELING PIKETBERG</u>**
**7/2/3/2**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die item onttrek word vir verdere ondersoeke / bespreking insake die volgende:
2. Dat 'n vergadering gefasiliteer word met FDSA Velddrif, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur en die Stadsbeplanner: Wes ten einde gesprekke te voer rakende die onderstaande voorwaardes;
   a. Dat FDSA Velddrif verantwoordelik is tydens die tydperk van die huurooreenkoms vir die instandhouding van die bome;
   b. Dat die grond nie eksklusief aan FDSA Velddrif verhuur word nie maar dat Bergrivier Munisipaliteit toegelaat word om ligte, banke en 'n deurgang aan te bring vir toekomstige ontwikkeling; en
   c. Dat die moontlikheid bespreek word om nie die volle gedeelte (ongeveer 3.75 ha groot) van die grond aan die FDSA Velddrif te verhuur nie.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN047/06/2024**
**<u>VERSOEK OM REGISTRASIE VAN REG VAN WEG SERWITUUT OOR ERF 4010, PIKETBERG (MUNISIPALE GROND) TEN GUNSTE VAN ERF 4011, PIKETBERG</u>**
**PB. 4010 & 4011**
***(Die foto's en liggingsplanne word visueel voorgelê)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad nie die gedeelte van Erf 4010, Piketberg (Publieke Oopruimte) vir minimum vlak munisipale dienslewering benodig nie;
2. Dat die Raad se intensie om registrasie van 'n reg-van-weg serwituut (4m wyd) oor Erf 4010, Piketberg ten gunste van Erf 4011, Piketberg vir 14dae geadverteer word vir publieke kommentaar/vertoë;
3. Dat indien geen beswaar ontvang word, die grondeienaars van Erf 4011, Piketberg (Die Kerk van God van Profesie) toestemming verleen word om op eie onkoste 'n Professionele Landmeter aan te stel vir die opmeet

en registrasie van 'n 4m wye reg-van-weg serwituut oor Erf 4010, Piketberg ten gunste van Erf 4011, Piketberg by die Landmeter Generaal op eie onkoste;

4. Dat die registrasie van die 4m wye reg-van-weg serwituut geregistreer word teen die Transportakte van Erf 4010, Piketberg in die aktekantoor op onkoste van die applikante (Die Kerk van God van Profesie);
5. Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om dokumente te onderteken ten einde die registrasie van die reg-van-weg serwituut te registreer in die aktekantoor;
6. Dat die eienaar van Erf 4011, Piketberg (opvolger in titel) ten aile tye veiligheid van voertuig- en voetganger verkeer verseker in die reg-van-weg serwituut met inagneming van die naderende verkeer, vera! uit die rigting vanaf die draai;
7. Dat die geregistreerde eienaars van Erf 4011, Piketberg (asook opvolgers in titel) verantwoordelik sal wees vir die instandhouding van die area waaroor die reg-van-weg serwituut geregistreer word; en
8. Dat die geregistreerde eienaars van Erf 4011, Piketberg (asook opvolgers in titel) aanpreeklikheid aanvaar vir enige eise wat moontlik weens gebruik van die area as reg- van-wag serwituut kan ontstaan.

***

**BKN048/06/2024**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1091, VELDDRIF**
**7/2/3/2; V. 1091**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA, nie die perseel vir munisipale doeleindes benodig nie;
2. Dat die Munisipaliteit se voorneme om die kliniekgebou op Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482, Velddrif) aan Aan Oewer Dienssentrum te verhuur aan die publiek bekend gemaak word; en
3. Dat die huurooreenkoms met Aan Oewer Dienssentrum ten opsigte van Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482, Velddrif) vanaf 1 Oktober 2024 hernu word, vir ‘n tydperk van 9 jaar 11 maande teen R100 (BTW ing.) per jaar, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings as wat voorheen van toepassing was.

***

**BKN049/06/2024**
**ADOPTION OF THE REVISION OF THE BERGRIVIER MUNICIPALITY CLIMATE CHANGE ADAPTATION PLAN CLIMATE CHANGE RESPONSE STRATEGY 024 (Tender No.: 8/3/20-2022 / MN145/2022)**
**15/1/7**

Die Omgewingsbeplanning en Bestuursbeampte lei die item kortliks in.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste moedig die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aan om hul te vergewis van die verslag.

***(Die Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste sluit om 12:17 aan by die vergadering)***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***(Die Hoof: IKT sluit om 12:20 aan by die vergadering)***

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die Omgewingsbeplanning en Bestuursbeampte 'n Implementeringsregister opstel wat kwartaalliks gemonitor sal word en dat die Omgewingsbeplanning en Bestuursbeampte rapporteer indien sperdatums nie behaal is nie. Sy noem dat die Finansiële implikasies in die verslag onderhewig moet wees aan bekostigbaarheid van die goedgekeurde begroting, en dat die Munisipale Bestuurder en Direkteure die verslag moet insluit in hul beplanning vir toekomstige begrotings.

'n Bespreking vind plaas rakende die risiko van rotsstortings op die Bergrivier Munisipale gebied se passe wat hoog is en opgeneem moet word in die Risiko register en geadresseer word, deurdat die Munisipale Bestuurder 'n skrywe rig aan Distriksmunisipaliteit om hul bewus te maak van die aangeleentheid.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council adopts the *Climate Change Response Strategy, 2024* developed from the revision conducted for the Bergrivier Municipality Climate Change Adaptation Plan of 2014, as part of the Municipal policy, procedures and documents;
2. The required actions/ recommendations within the *Bergrivier Municipality Climate Change Response Strategy, 2024,* are subject to the availability of capacity and budget; and
3. That the Environmental Planning Management Officer, Ms. Angila Joubert, draft an Implementation register and circulate to all directorates for implementation and planning purposes.

***

**BKN050/06/2024**
**WAARNEMINGSROOSTER 2024 / 2025**
**4/5/2/6**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur meld dat 'n regstelling gemaak moet word op die Waarnemingsrooster met verwysing na die datums onder die Direkteur Gemeenskapsdienste se tydperk wat reggestel moet word soos die ander datums 01 Julie 2024 - 30 Junie 2025.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad die Waarnemingsrooster 2024 / 2025 goedkeur.

***

**BKN051/06/2024**
**INFORMASIE KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE STRATEGIESE PLAN**
**6/2/2/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Informasie Kommunikasie Tegnologie (IKT) Strategiese Plan ondersteun en goedgekeur word deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***HOOF: IKT***

***

***(Die Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste en Hoof: IKT verlaat die vergadering om 09:26)***

**BKN052/06/2024**
**VERSOEK VERHURING VAN MEENTGROND GEDEELTES VAN ERF 208 AURORA**
**A. 208**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN053/06/2024**
**VOORSIENINGSPLAN EN VIREMENTE VERSLAG: APRIL 2024**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die vordering met Voorsieningsplan, kapitaalspandering en viremente binne die Direktoraat Korporatiewe Dienste.

***

**BKN054/06/2024**
**MONTHLY REPORT: HUMAN RESOURCE SERVICES: APRIL 2024**
**9/1/2**

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Human Resource Services : April 2024.

***

**BKN055/06/2024**
**MONTHLY REPORT: ADMINISTRATION & LEGAL SUPPORT SERVICES: APRIL 2024**
**9/1/2**

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Administration & Legal Support Services: April 2024.

***

**BKN056/06/2024**
**MONTHLY REPORT: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT: APRIL 2024**
**9/1/2**

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Town Planning and Environmental Management: April 2024.

***

**BKN057/06/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 04 JUNIE 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKA058/06/2024**
**STATUS EN ONDERVERDELING VAN ERWE: 1832, 1834, 1878, 1886, SANDSTRAAT, PIKETBERG**
**17/5/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die voorstel vir die onderverdeling ondersteun en goedkeur; en
2. Dat 'n aansoek by die Departement van Infrastruktuur ingedien word vir befondsing van die interne dienste.

***

**BKN059/06/2024**
**BEHUISING TOEKENNINGSBELEID**
**17/5/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

1. Dat die item onttrek word ten einde uitklaring te verkry rakende die begunstigdes van 59 jaar en jonger met verwysing na die kwalifisering vir topstrukture; en
2. Dat die uitklaring so spoedig as moontlik verkry word ten einde goedkeuring te verleen aan die Behuising Toekenningsbeleid.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN060/06/2024**
**GEMEENSKAPSDIENSTE: VIREMENTEVERSLAG: KWARTAAL 3**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verimente soos reflekteer in Aanhangsel A in die agenda.

***

**BKN061/06/2024**
**GEMEENSKAPSDIENSTE: PROCUREMENT PLAN**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Gemeenskapsdienste "Procurement Plan".

***

**BKN062/06/2024**
**GEMEENSKAPSDIENSTE: SPANDERING EN VORDERING VAN KAPITAALPROJEKTE IN TERME VAN DIE TL-SDBIP**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van Gemeenskapsdienste se Spandering en vordering van Kapitaalprojekte in terme van die "Top-level Service Delivery & Budget Implementation Plan (TL-SDBIP)".

***

**BKN063/06/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 05 JUNIE 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN064/06/2024**
**SERVICE LEVEL AGREEMENT WITH BERGRIVIER TOURISM ORGANISATION**
**12/2/3/24**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council approves the Service Level Agreement with Bergrivier Tourism Organisation (BTO); and
2. That the Municipal Manager can sign the Service Level Agreement (SLA) on behalf of Council.

***

**BKN065/06/2024**
**VERSOEK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: KAPITAALPROJEKTE-PLAASLIKE SMME'S**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLVED**

1. That the contents of the report be noted; and

2. That all Departments identify their projects as per the procurement plan that can be done by local Suppliers and SMME's.

***

**BKN066/06/2024**
**<u>EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: MAY 2024</u>**
**12/2/2/21**

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for May 2024.

***

**BKN067/06/2024**
**<u>MONTHLY REPORT: COMMUNICATION: MAY 2024</u>**
**9/1/2**

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Communication: May 2024.

***

**BKN068/06/2024**
**<u>COMBINED QUARTERLY REPORT: STRATEGIC SERVICES: MAY 2024 TO JUNE 2024</u>**
**9/1/2**

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the combined Quarterly Report: Strategic Services: May 2024 to June 2024.

***

**BKN069/06/2024**
**<u>CAPITAL PROJECTS: OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER: MAY 2024</u>**
**9/1/2**

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Capital Projects: Office of the Municipal Manager: May 2024.

***

**BKN070/06/2024**
**<u>PROCUREMENT PLAN: OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER: MAY 2024</u>**
**9/1/2**

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Procurement Plan: Office of the Municipal Manager: May 2024.

***

**BKN071/06/2024**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 05 JUNIE 2024</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN072/06/2024**
**MONTHLY REPORT: PMU AND BUILDING CONTROL: APRIL 2024**
**9/1/2**

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: PMU and Building Control: April 2024.

***

**BKN073/06/2024**
**MAANDVERSLAG: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Maandverslag: Siviele Ingenieursdienste.

***

**BKN074/06/2024**
**MAANDVERSLAG: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Maandverslag: Elektriese Ingenieursdienste.

***

**BKN075/06/2024**
**TECHNICAL SERVICES: PROCUREMENT PLAN**
**9/1/2**

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Technical Services: Procurement Plan.

***

**BKN076/06/2024**
**TECHNICAL SERVICES: VIREMENT REPORT: MAY 2024**
**9/1/2**

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Technical Services: Virement Report: May 2024.

***

**BKN077/06/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 06 JUNIE 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN078/06/2024**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN079/06/2024**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 13:02, waarna die Speaker, Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Voorsitter van MPAC (Artikel 79), Direkteur Korporatiewe Dienste, Bestuurder: Strategiese Dienste en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit.***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:45*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE
NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***